



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL OP VRYDAG, 31 MEI 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Pypers, D C (DA)
Gaika, M F (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Ngozi, M (ANC)	Warnick, A K (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	White, G E (PA)
Papier, J R (Good)	Williams, A M (DA)
Penxa, B J (ANC)	

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdame, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek by die vergadering van die Munisipale Raad in die nuwe Raadsaal.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Minister Anton Bredell, raadsdame Maudé Goliath en raadslid Patricia Solomons wat uitgenooi is na die inwyding van die nuwe Raadsaal.

Pastoor Johnny Philander open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy dank oor aan amptenare by name, mee K Jacobs, S Willemsse, H Papier en O Fransman, wat op onderskeie maniere betrokke was by die opstel van die dokumente aan die Raad.

Die Speaker dra sy gelukwensing oor aan raadslede wat hul verjaarsdag die afgelope tyd herdenk het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Booyen en P E Soldaka.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die totstandkoming van die nuwe Raadsaal met die aankoop van die voormalige Standbank-gebou.

Die Munisipale Bestuurder spreek sy vertroue uit dat die besluite wat in die Raadsaal geneem sal word, op die volgende waardes gebaseer sal word:

Insig ♦ Wysheid ♦ Geloofwaardigheid ♦ Integriteit.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGINGS

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 APRIL 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 April 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 APRIL 2024

saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 10 APRIL 2024

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 18 APRIL 2024

7. SAKE VOORSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 2024 GEWYSIGDE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van 'n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoefte in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoefte van die organisasie (interne fokus).

Die hersiening van die GOP en gepaardgaande proses word deur verskeie wetgewende vereistes gereël. Wysigings word noodsaak deur die aanvaarding van nuwe strategieë, statistieke ontvang vanaf STASSA en opgedateerde begrotingsfers.

[Die Speaker gee geleentheid, op versoek van rdl B J Penxa, vir 'n twee minute kookus deur die ANC-verteenvoording.]

8.1/...

Rdl Penxa, namens die ANC, spreek sy waardering uit teenoor die vooruitgang wat in wyke gemaak word en gee erkenning aan die GOP en Areaplanne. Die ANC-vertegenwoordigers is egter bekommerd oor die hoë elektrisiteitstariewe.

Die Speaker noem dat die aangeleentheid, ook op 'n navraag vanaf rdl J R Papier, nie bespreek sal word nie, aangesien raadslede, vanaf die voorlegging van die konsep GOP en Areaplanne in Maart en gedurende die publieke deelname proses, geleentheid gehad het om kommentaar te lewer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word die goedkeuring van die 2024 Gewysigde GOP en Areaplanne beslis (in die afwesigheid van twee (2) raadslede) met 13 raadslede ten gunstige daarvan, twee (2) raadslede daarteen en ses (6) raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die 2024 Gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2024/2025, goedgekeur word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000;
- (b) Dat die kommentaar en insette wat tydens April 2024 ontvang is (insluitende die SIME kommentaar), hanteer word ooreenkomstig **AANHANGSELS 2 en 3**; en
- (c) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoeningregulasies, 2009, afgehandel word.

8.2 GOEDKEURING VAN DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2024/2025, 2025/2026 EN 2026/2027 (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2024/2025, 5/1/4)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, om sy derde Begrotingsrede (*State of the Municipal Address*) as Uitvoerende Burgemeester van die Swartland Munisipale Raad te lewer (sien aangeheg vir volledigheidshalwe).

Die Uitvoerende Burgemeester beklemtoon die inisiatiewe wat gedurende die 2024/2025 finansiële jaar onderneem is om die welstand van gemeenskappe aan te spreek en om ekonomiese groei te bevorder. Verder word uitgebrei op die projekte wat geïmplementeer is om volhoubare basiese diensleweringe te verseker, asook die nuwe projekte wat oor die meerjarige begroting geïmplementeer sal word, onder andere, voltooiing van die nuwe swembad by die Alfastraat Sportgronde, 'n meerdoelige sentrum vir Kalbaskraal, die aanlyn aankope van elektrisiteit en die opgradering van strate teen 'n bedrag van R80 miljoen.

Die Uitvoerende Burgemeester noem verder die inisiatiewe wat onderneem is om kommunikasie met die Munisipaliteit se kliënte te verbeter en bevestig dat die munisipale Facebook reeds 40 500 volgelinge het.

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na Artikel 23 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bevestig dat daar deeglike oorweging verleen is aan die insette wat ontvang is gedurende die publieke deelname proses.

Die Uitvoerende Burgemeester gee 'n oorsig van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting en finale tariewe en bevestig, ten spyte daarvan dat geen publieke insette ontvang is op die voorgestelde tariewe nie, dat daar besluit is om die belastingkoers met 10% te verlaag.

8.2/...

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2024/2025, 2025/2026 en 2026/2027 word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee (2) raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan en agt (8) raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat oorweging verleen word aan die insette ontvang vanaf die publiek met in ag neming van die tegniese oorwegings deur die Begrotingsbeheer Komitee tydens die vergadering van 16 Mei 2024 wat gehandel het met die feit dat beide die bedryfs- en kapitaalbegrotings tot die uiterste gerek is en dat die Munisipaliteit klem plaas om die dringende basiese dienste en behuisingbehoefes aan te spreek. Hierdeur word die Uitvoerende Burgemeester se verbintenis om na die welstand van benadeelde gemeenskappe om te sien beklemtoon, sonder om addisionele druk te plaas op die betalende publiek (**Annexure E, Inputs received on Draft Budget**);
- (b) Dat die Raad kennis neem dat die Uitvoerende Burgemeester opdrag gegee het om die konsep residensiële tarief met 10% te verlaag na R0.005360, niteenstaande die feit dat daar geen kommentaar vanaf die publiek ontvang is op die voorgestelde tariewe nie, in 'n poging om die effek van die verhoogde eiendomswaardasies te versag wat deur die nuwe algemene waardasie met ingang van 1 Julie 2024 teweeg gebring is;
- (c) Dat die Raad die gedetailleerde reaksie op die publieke insette wat gevind kan word in (**Annexure E, Inputs received on Draft Budget**) goedkeur en dat die administrasie dienoreenkomstig terugvoering gee aan die onderskeie partye;
- (d) Dat kennis geneem word van die insette wat ontvang is vanaf die Provinsiale Tesourier (SIME-verslag) (**Annexure E, Inputs received on Draft Budget**);
- (e) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per (**Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Final Budget and Tariff File**) en oorweeg dieselfde;
- (f) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in (**Annexure B: 2024/2025 – 2026/2027 Capital Projects ito Sec 19**), eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is, en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (g) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 4 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (h) Dat die toekomstige kapitaalbegrotings vanaf jaar 3 beperk word tot 17% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot Totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;
- (i) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie:

Tabel/...

8.2(i)/...

FINANCING SOURCES	Final Budget 2024/2025	Final Budget 2025/2026	Final Budget 2026/2027
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 93 535 241	R 115 676 861	R 116 891 897
External Loans	R 36 950 588	R 3 000 000	R -
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 29 332 000	R 25 343 000	R 27 225 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 22 818 000	R 23 100 000	R 20 868 000
WCED (Private Funding)	R 19 033 109	R -	R -
Dept. of Infrastructure	R 174 289 166	R 49 520 000	R 33 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 484 783	R -	R -
Community Safety Grant	R 34 783	R -	R -
GRAND TOTAL	R 376 477 670	R 216 639 861	R 197 984 897

- (j) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Final Budget and Tariff File)**;
- (k) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R40 miljoen vir die 2024/25 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: 132/11kV Eskom Schoonspruit Substation (R29 miljoen) en die Development of Highlands New Landfill Cell (R11 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;
- (l) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2024/2025 – 2026/2027** finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

	Oorspronklike Begroting 2023/24	Aansuiwerings begroting 2023/24	Finale Begroting 2024/25	Finale Begroting 2025/26	Finale Begroting 2026/27
Kapitaalbegroting	209 052 395	248 689 919	376 477 670	216 639 861	197 984 897
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 071 352 206	1 189 045 715	1 434 463 775	1 584 420 812
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 252 422 713	1 458 996 892	1 535 862 828	1 666 597 277
Begrote (Surplus)/ Tekort	(121 155 119)	(181 070 507)	(269 951 177)	(101 399 053)	(82 176 465)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	107 386 943	119 908 999	246 062 275	97 963 000	81 093 000
(Surplus)/ Tekort	(13 768 176)	(61 161 508)	(23 888 902)	(3 436 053)	(1 083 465)

- (m) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2024/2025 finansiële jaar met effek vanaf 1 Julie 2024;

Tabel/...

Category of property	Rate ratio	Tax Rate
<i>Residential properties</i>	1: 1	R0.005360
<i>Business and Commercial properties</i>	1: 1,6360	R0.008769
<i>Industrial properties</i>	1: 1,6360	R0.008769
<i>Agricultural properties</i>	1: 0,25	R0.001340
<i>Mining properties</i>	1: 1,6360	R0.008769
<i>Public Service Infrastructure</i>	1: 0,25	R0.001340
<i>Properties owned by an organ of state and used for public service purposes</i>	1: 1,6360	R0.008769
<i>Public Benefit Organisations</i>	1: 0	R0.00
<i>Vacant properties</i>	1: 1,4966	R0.008022
<i>Municipal properties</i>	1: 0	R0.00
<i>Conservation Areas</i>	1: 0	R0.00
<i>Protected Areas</i>	1: 0	R0.00
<i>National Monuments</i>	1: 0	R0.00
<i>Informal Settlements</i>	1: 0	R0.00

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible tax as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (n) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in (**Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Final Budget and Tariff File**) goedkeur as finaal;
- (o) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe vir die 2024/2025 finansiële jaar goedkeur, gebaseer op die inkomstevereiste soos ondersteun in die koste van voorsieningstudie;
- (p) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in (**Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2024/2025 – 2026/2027**) goedgekeur word;
- (q) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in (**Annexure D: Final Amended Budget & Related Policies 2024/2025**), goedgekeur word as finaal;
- (r) Dat die vloot uitgebrei word met 'n addisionele nuwe 8-10 sitplek Bus vir die Reaksie/LEAP-eenheid, maar dat die aanwending daarvan beperk word tot binne die Swartland munisipale gebied (WC015), aangesien die Raad reeds R14 miljoen vanaf 2022/2023 in bedryfskoste finansier bo en behalwe die provinsiale toekenning;

- (s) Dat die Raad kennis dra dat die munisipaliteit se DORA allokasies verminder was met R39.267 miljoen oor die nuwe MTREF;
- (t) Dat die opleidingsbegroting beperk tot **0,50%** van die salarisbegroting vir die 2024/2025 finansiële jaar, goedgekeur word as finaal;
- (u) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.2%** vir 2024/2025; **5%** vir die 2025/2026 en **5%** vir 2026/2027 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (v) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **11%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **16.5% (7.1% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **6.3 maande** vir 2024/25, **5.3 maande** vir 2025/26 en **8.4 maande** vir die 2026/27 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2024/25, 'n bedrag van **R 23 888 902**, vir 2025/26 'n bedrag van **R 3 436 053** en vir 2026/27 'n bedrag van **R 1 083 465 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat ver onder die NT riglyn is van minstens 'n 7.5% surplus;
- (w) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (x) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.8 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

[Nota: Dat, vir doeleindes van volledigheid en implementering, sal daar op die Engelse-weergawe van die besluit staat gemaak word.]

8.3 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGBYDRAES VIR 2024/2025 (15/1/B)

'n Ontwikkelingsbydrae word bereken as 'n pro rata bydrae tot die werklike kapitaalkoste van grootmaat- en verwante infrastruktuur om 'n bepaalde ontwikkeling van ingenieursdienste te voorsien.

Die groeimodel en meesterplan van elke diens word gebruik om toekomstige infrastruktuur vereistes te bepaal ten einde aan toekomstige ontwikkelingsbehoefes te voldoen.

Die voorgestelde ontwikkelingsbydraes vir 2024/2025 is met die sakelys gesirkuleer en word deur die Speaker tot stemming gebring. Die goedkeuring daarvan word beslis (in die afwesigheid van twee (2) raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

Besluit/...

8.3/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2024/2025 finansiële jaar goedgekeur word:
 - Greenfields"-ontwikkelingbydraes vir grootmaat elektrisiteit - (Bylae "A");
 - "Brownfields"-ontwikkelingbydraes vir elektrisiteit (Bylae "B");
 - Ontwikkelingbydraes water (Bylae "C");
 - Ontwikkelingsbydraes vir riool (Bylae "D");
 - Ontwikkelingsbydraes vir paaie (Bylae "E").
- (b) 'n Korting van 55% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2024/2025 finansiële jaar toegestaan word as aansporing om ontwikkeling te bevorder en beleggers te lok;
- (c) Ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;
- (d) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

8.4 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE KREDIETBEHEER EN SKULD-INVORDERING (1/1; 1/1/3/16)

Die Raad het op 30 April 2024 die konsep Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering in beginsel aanvaar om geleentheid te gee vir 'n publieke deelname.

Daar was geen insette/kommentaar op die verordening ontvang teen die spertyd van 15 Mei 2024 nie.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die aanvaarding van die Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering word beslis (in die afwesigheid van twee (2) raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan, met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering aangeneem word deur die Raad vir afkondiging in die Provinsiale Koerant om met ingang van 1 Julie 2024 in werking te tree;
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

8.5 GOEDKEURING VAN WYSIGINGS AAN DIE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)

Die Voorkeurverkrygingsbeleid is hersien aan die hand van die nuwe Voorkeurverkrygingsregulasies, 2022 wat met ingang van 16 Januarie 2023 in werking getree het.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die voorgestelde wysigings aan die Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid, soos uiteengesit in Bylaag B, met onmiddellike effek deur die Raad goedgekeur word.

8.6 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1; 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselwet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkel en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

8.6/...

Die aanhangsels tot die sakelys behels die derde hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl R Jooste)

- (a) Dat wysiging van die Raad se Stelsel van Delegasie (3^{de} Hersiening) goedgekeur word soos volg:
 - soos per Aanhangsel C, met ingang vanaf 1 Julie 2024, om die delegasies soos per Aanhangsel B te vervang; en
 - soos per Aanhangsel D, met onmiddellike effek
- (b) Dat kennis geneem word van die wysigings aan die delegasiestelsels van die Uitvoerende Burgemeester (soos per Aanhangsel A) en Hoof Finansiële Beampte (soos per Aanhangsels E en F, met ingang vanaf 1 Julie 2024);
- (c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

8.7 VERTEENWOORDIGING OP RAADSKOMITEES: RDL G E WHITE (3/2)

Rdl G E White is by wyse van 'n tussenverkiesing met ingang van 25 April 2024 op die munisipale raad verkies en moet na 'n Portefeuljekomitee aangewys word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat rdl G E White met onmiddellike effek na die volgende komitees aangewys word:

- Beskermingsdienste Portefeuljekomitee

8.8 VOORGESTELDE LANGTERMYN VERHURING VAN ONROERENDE EIENDOM GELEË TE ERWE 41 EN 43, MOORREESBURG (VOORMALIGE OU KOMMANDO-GEBOU) AAN DIE IMIBALA TRUST (15/4/6)

Swartland Munisipaliteit is die eienaar van die gebou geleë op Erwe 41 en 43, Moorreesburg (bekend as die Kommandogebou), groot 5400 m². Die gebou is oor die jare heen verhuur as 'n meerdoelige sentrum, mees onlangs, aan Sinethemba. Lg. se huurooreenkoms het op 30 April 2024 verstryk.

Vroeër die jaar het *The Imibala Trust* belangstelling getoon om 'n vaardigheid-ontwikkelingsentrum vir minderbevoorregte skoolgaande jeug in Moorreesburg te vestig. Daar is opdrag aan die Administrasie gegee om die toekomstige aanwending van die voormalige Kommandogebou te ondersoek en is daar ook met *The Imibala Trust* 'n ter plaatse inpeksie onderneem om Lg. se belangstelling in die gebou te toets.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdd M Nel)

- (a) Dat in beginsel goedkeuring verleen word vir die verlening van die reg om die volgende kapitale bate te mag gebruik, te beheer en te bestuur, en gevolglik vir die uit die hand verhuring van die bate aan *The Imibala Trust* onder 'n notariële huurooreenkoms vir 'n periode van twintig (20) jaar, vanaf 'n datum nog bepaal te word:
 - Erf 41 en Erf 43 geleë te Hoofweg 6, Moorreesburg
- (b) Dat daar in hierdie geval van die mededingende prosesse afgesien word, en die huur by wyse van direkte onderhandeling gefinaliseer word, vir die volgende redes:
 - Daar is 'n groot behoefte aan 'n jeugontwikkelingsfasiliteit soos die voorgestelde een, en alhoewel daar baie nie-regeringsorganisasies in die Swartland funksioneer, is daar selde organisasies met sowel die finansiële middele en strukture in plek om 'n fasiliteit van hierdie aard suksesvol te ontwikkel en te bestuur;

8.8(b)/...

- Die applikant 'n bewese rekord het van die suksesvolle bestuur van soortgelyke fasiliteite, en die direkte verhuring van die onderwerp eiendom beslis tot voordeel sal wees van die breër gemeenskap;
 - Die voorgestelde fasiliteite ideaal geleë sal wees waar die behoeftes en begeerte is, en binne stapafstand sal wees vir begunstigdes in the omliggende area.
- (c) Dat 'n gesubsidieerde huur van R120.00 (BTW uigesluit) per jaar goedgekeur word, met inagneming van die assessering in terme van Regulasie 13(2) soos aangespreek in die verslag;
- (d) Dat die voorgenome transaksie vir besware en/of teenvoorstelle geadverteer word;
- (e) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om te handel met enige besware en/of teenvoorstelle wat teen die voorgenome langtermyn en uit die hand verhuring van die eiendom ontvang mag word;
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die terme en voorwaardes van verhuur te finaliseer.

8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN SAKERPERSEEL (ERF 11793, GEDEELTE VAN ERF 11654) TE MALMESBURY (12/2/4/2-8/5)

Swartland Munisipaliteit is die geregistreerde eienaar van Erf 11793 (gedeelte van Erf 11654), groot 658 m², geleë in Alfastraat en gesoneer as Sakesone 2: Woonbuurtsake.

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir lae-intensiteit kommersiële en gemengde-gebruik ontwikkeling wat in die plaaslike buurt se behoeftes vir gebruiksgoedere en persoonlike dienste sal voorsien.

Daar is belangstelling in die eiendom getoon en word voorgestel dat Erf 11793, Malmesbury by wyse van 'n openbare tender vir vervreemding aangebied word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendom in Malmesbury, gesoneer Sakesone 2: Woonbuurtsake:
- Erf 11793 (gedeelte Erf 11654), Alfastraat, Malmesbury (658 m² groot)
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie;
- (c) Dat die reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word soos volg, welke reserweprys deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:
- Erf 11793 R125 000,00
- (d) Dat die koper, benewens die koopprys, verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware;
- (f) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
 - te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om

8.9(f)(i)/...

- 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bate, nadat alle toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetlike voorskrifte gevolg is;
- (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers;
- (g) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendom onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n '*first come first serve*' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendomme op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat dieselfde opskortende voorwaardes wat in die koop-ooreenkoms vervat staan te word, op die kooptransaksie van toepassing gemaak word.

**GETEKEN:
SPEAKER**